

Sleutelterme

menseregte
grondwet
Handves van Regte
marteling

Kan jy onthou wat jy in Graad 4, 5 en 6 oor die Grondwet geleer het? Laat jou juffrou jou geheue verfris.

Oogmerke en doelwitte

In hierdie eenheid sal jy meer leer van:

- die toepassing van menseregte soos vervat in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika
- die toepassing van verantwoordelikhede met betrekking tot menseregte.

1 Toepassing van menseregte soos vervat in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika


Die Grondwet is 'n versameling wette wat gebruik word om ons land te bestuur.

In Suid-Afrika, word ons menseregte gelys as deel van ons **Grondwet** wat die **Handves van Regte** genoem word.

Menseregte verseker dat ons ons op bepaalde wyses gedra. Dit beskerm ons teen mense wat ons kwaad wil aandoen. Wanneer ons hierdie regte gehoorsaam, leer ons om in harmonie met ander saam te leef.

Die Kinderregte waarvan jy in Graad 4, 5 en 6 geleer het, vorm ook deel van hierdie Handves van Regte. Hierdie regte vorm deel van die hoogste wet in Suid-Afrika en dit is baie moeilik om dit te verander of van mense weg te neem.

As 'n persoon se regte geskend is, kan hy/sy die Konstitusionele Hof om hulp nader.



Die Handves van Regte is geteken deur Nelson Mandela, FW De Klerk, Roelf Meyer, Cyril Ramaphosa (belangrike parlamentslede van daardie tyd) en Arthur Chaskalson (eerste president van Suid-Afrika se nuwe Konstitusionele Hof).

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika

2 Toepassing van verantwoordelikhede in verband met menseregte

2.1 Handves van Regte: wat ons regte beteken en hoe om dit toe te pas

Ons Handves van Regte noem al die detail van ons regte op baie verskillende goed. Sommige hiervan is moontlik nie op jou van toepassing nie, maar wanneer jy ouer is, sal hulle belangrik wees.

Elke reg wat aan ons gegee is, is ook aan elke ander persoon in die land gegee. Terwyl ons dus ons eie regte geniet, moet ons verantwoordelik optree sodat ons nie ander mense verhinder om ook hulle regte te geniet nie.

Die tabel lys al ons regte; toon aan wat hulle beteken en hoe ons verantwoordelik daarteenoor moet optree.

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika en ons regte en verantwoordelikhede

Ons regte	Wat dit vir ons beteken	Ons verantwoordelikheid teenoor ander
Gelykheid	Almal is gelyk en wette is dieselfde op elkeen van toepassing, ongeag van hulle kleur, geslag, oortuigings of taal.	Moenie teenoor enigiemand diskrimimeer nie. Respekteer altyd ander en onthou dat almal gelyk is.
Menswaardigheid	Waardigheid beteken selfrespek. Niemand kan dit van ons wegneem nie.	Moenie enigiets sê of doen wat iemand anders se gevoelens of selfrespek kan seermaak nie.
Lewe	Vir ernstige kriminele misdade word mense nie die doodstraf opgelê nie, maar tot lewenslange tronkstraf gevonnis.	Moet nooit iemand se lewe in gevaar stel deur hulle te beseer nie.
Vryheid en sekerheid van die persoon	As iemand van 'n misdaad beskuldig word, moet daardie persoon eers 'n verhoor hê voordat tronkstraf opgelê mag word. Die marteling van mense om inligting te gee, word nie toegelaat nie. Tronke moet skoon wees en gevangenes mag nie mishandel word nie.	Gesinsgeweld is teen die wet.
Slawerny, knegskap en dwangarbeid	Jy mag nie werk voordat jy 15 jaar oud is nie. Daar is 'n minimumloon wat werkers betaal moet word.	Indien jy na jonger kinders omsien, moet jy hulle nie toelaat om werk te soek voordat hulle 15 is nie.



Almal is gelyk en wette is dieselfde op almal van toepassing.



Moenie teenoor enigiemand diskrimimeer nie.

Maatskaplike toelae –
geld van die regering

Kan jy onthou wat jy
oor kinderregte in
Graad 4, 5 en 6 geleer
het?

Privaatheid	Mense se inligting omtrent hulleself is privaat, byvoorbeeld wanneer jy 'n dokter gaan spreek, moet jy weet dat niemand anders sal weet wat jy vir hom of haar vertel het nie.	Klop aan iemand anders se deur voordat jy in hulle huis kamer gaan.
Vryheid van godsdien, oortuiging en mening	Jy kan kies wat en waarin jy wil glo.	Jy moet ander se oortuigings en menings respekteer.
Vryheid van uitdrukking	Jy, koerante en radiostasies kan julle idees en oortuigings vrylik uitspreek.	Jy moet respekteer wat ander sê al stem jy nie daarmee saam nie.
Vryheid van beweging en verblyf	Elkeen het die reg op 'n paspoort en identiteitsdokument. Ons kan self besluit waar ons wil woon.	Jy moet enige mense wat lang jou intrek as jou bure aanvaar.
Omgewing	Daar is wette wat mense en fabriek verbied om hulle vullis en afval in ons riviere en ander ongepaste plekke te stort.	Moenie vullis op die grond gooi nie, gooi dit in 'n vullisdrom of gat.
Gesondheidsorg, voedsel, water en maatskaplike-veiligheid	Die regering moet sekere dienste aan almal verskaf, soos byvoorbeeld skoon water en elektrisiteit, verwydering van vullis, die bou van genoeg hospitale en klinieke. Maatskaplike toelae help diegene wat ander onderhou deur aan hulle geld te voorsien om kos te koop om te kan lewe.	Ons moet openbare waterpompe en krane oppas en nooit riviere wat mense vir drinkwater gebruik, besoedel nie. Ons moet ons vullis op 'n behoorlike vullishoop weggooi, wat ver weg van mense se huise af is. Ons moet belasting aan plaaslike rade betaal sodat hulle mense kan betaal wat die nodige dienste aan ons verskaf.
Kinders	Jy het van hierdie regte in Graad 4, 5 en 6 geleer.	
Onderwys	Daar moet genoeg skole en onderwysers wees sodat elkeen skool toe kan gaan en behoorlike onderwys kan ontvang.	Sowel volwassenes as kinders het die reg op onderwys. Wanneer jy skool toe gaan, lewer slegs jou bes daar.
Taal en kultuur	Elkeen het die reg om hulle eie taal te gebruik en kulturele praktyke toe te pas as hulle dit wil doen.	Wanneer dit gedoen word, moet julle seker maak dat ander mense se regte nie geminag word nie.

Die tabel gee 'n lys regte wat heel waarskynlik vir jou op die oomblik baie belangrik is. As jy meer oor ander regte wil weet, doen navraag by die biblioteek of, indien moontlik, besoek hierdie webtuiste: <http://www.info.gov.za/documents/constitution/1996/96cons2.htm>.

Werk in klein groepies. Verwys na die tabel op bladsy 67–68.

1 Vir elkeen van die regte:

a Dink aan 'n praktiese voorbeeld wat illustreer hoe hierdie reg jou lewe verbeter (of kan verbeter).

b Dink aan 'n praktiese voorbeeld wat illustreer hoe jy verantwoordelik met betrekking tot hierdie reg optree, sodat jy ander nie verhinder om dit ook te geniet nie.

c Maak 'n lys van enige voorbeelde waar jy dink jy jou houding teenoor ander mense kan verbeter, byvoorbeeld miskien respekteer jy ander se privaathed nie altyd nie.

2 Kies een van die regte. Jou groep moet twee kort tonele beplan. Die eerste een moet aantoon hoe die reg misbruik word; waar iemand 'n ander persoon nie toelaat om die reg te geniet nie. Julle tweede toneel moet wys hoe die reg verantwoordelik gebruik word.